IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.19 VOL. 139 PG.6883-6993.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-09-01

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

139

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 139

(Bladsye 6 883 - 6 933 )

HOF HERVAT OP 1 SEPTEMBER 1986.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : Colonel, have you listened to the tape again? -- Ja, ek het geluister na die laaste deel van die band.

HOF : Dit is nou band 6. --BEWYSSTUK 6 kant 2.

MR YACOOB : Have you any comment about the proposition I have put to you before we adjourned on Friday? -- Ja, daar is 'n paar dingetjies wat ek net graag wil uitklaar. Ek het baie aandagtig geluister na daardie dele. Daar was 'n verwysing na twee pulse, een wat sou voorkom voor die woorde "Now gentlemen" en een daarna. Ek wil net graag sekerheid kry omtrent waar die woorde "Now gentlemen", veronderstel is om te wees. Ek hoor woorde wat klink soos "Now gentlemen" direk aan die begin van die deel wat sag word.

That is the one we are referring to. -- En die pulse voor en na daardie tyd as ek dit reg verstaan het is altwee baie harde pulse gewees.

We call them specifically burst of sound and we said that that burst of sound, the first one, was on one channel only. -- Sou dit voorgekom het nadat die klank al begin sag word het of net direk daar voor?

I think I made it quite clear that the distant sound - the burst of sound was immediately after "Now gentlemen". -- En die een net voor dit?

There was one after it. Let us go through that again. What we said to you, just to refresh your memory, was that there was a short burst of distant sound into the right channel, then the words "Then gentlemen", thereafter there was another burst of sound, I specifically refrained from

telling/...

telling you where that sound was. Firstly, we were not talking about pulses. We were talking about what sounds on headphones like burst of sound.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Daar is wel van pulse gepraat by die ondervraging volgens aantekeninge. -- In antwoord op die vraag of ek daardie klanke gehoor het wat beskryf sou kan word as "burst of sound", moet ek erken dat ek ŉ bietjie probleme gehad het. Daar is woorde wat ek herken as woorde wat waarskynlik "Now gentlemen" kan wees. Die "gentlemen" hoor ek duidelik en dit gebeur direk na die plek waar die klank in geheel heelwat sagter word. Dit kom ook voor slegs op die een kanaal, naamlik die regter kanaal. Ek het die klank baie deeglik geanaliseer en ek dink dit is waarskynlik ŉ kwessie van probleme om die regte klank te beskryf, want daar is geluide anders as die sterk klanke wat ek pulse noem, maar wat ŉ mens ook "burst of sound" sou kon noem, maar hulle is baie swak in vergelyking met die "burst of sound".

HOF : Is aar ŉ verskil tussen ŉ "burst of sound" en ŉ puls of is dit nou net ŉ gespeel met woorde waarmee ons besig is? -- Die pulse waarna ek verwys is eintlik pulsgroepe. Met ander woorde, dit is meervoudige pulse en ŉ mensou dit ook as "burst of sound" kan beskryf.

Met ander woorde, waarna die verdediging verwys is as jy met jou oor hoor en waarna u verwys is as jy met jou oog sien op die ossilloskoop? -- Ja, dit is korrek. In aansluiting met daardie deel van die klank op daardie deel van die band, sal ek graag ŉ ossilloskoopfoto wil inhandig wat ek geneem het wat akkuraat ŉ weergawe gee van wat alles teenwoordig is op die band op daardie gedeelte. Die sal

seker BEWYSSTUK ABD(7)2 wees. BEWYSSTUK ABD(7)2 is van die Claremont band BEWYSSTUK 6 kant 2 en dit is ŉ deel in die omgewing van waar die sein sag word. Die foto is so ingestel dat die totale tydsbestek ongeveer 10 sekondes is, maar daar is ŉ stukkie aan die linkerkant wat nie geregistreer het op die foto nie. So, die deel wat in die foto wys is ŉ bietjie minder as 10 sekondes. Bokant die foto is daar punte gemerk naamlik 1, 2, 3, 4, 5, 6 en 7 en ek het dit onder aan hierdie bewysstuk beskryf, nr. 1 as laaste deel van "sorry". Dan die taamlike sterk pulse teenoor die punte 2 en 3 is radiosteurings. By 4 en 5 altwee die sterker pieke daar is die twee woorde "I heard". Dan die sterk gedeelte - daar is eintlik meer as een in die omgewing van punt 6, is die lag. Kort daarna, kort na punt 6 kan ŉ mens sien dat die klank skielik baie sag word. Dit is die punt waar die klank in werklikheid sag word en net daarna sal die woorde "gentlemen" voorkom. Dit is nie aangedui hier nie, want daar is niks op die foto wat uitstaan waarmee ŉ mens dit kan aandui nie, maar dit sal net na punt 6 wees en net na die sein skielik heel sag geword het.

Laat ons net duidelikheid kry. Tussen 6 en 7 is daar aan die linkerkant ŉ gedeeltetjie waar daar ŉ bietjie meer puls is as die sal ek sê pulslose gedeelte wat tot by 7 strek. Is die "Now gentlemen", die deeltjie wat so ŉ bietjie uitstaan of is die "Now gentlemen" opgeneem in die byna horisontale streep? -- Dit is opgeneem in die byna horisontale gedeelte na daardie deel wat ŉ bietjie uit staan. Dan by punt nr. 7 is daar wat ek geskryf het ŉ sterk puls. ŉ Mens sou dit miskien kon noem ŉ sterk pulsgroep en wat ook as ŉ "burst of sound" beskryf sou kon word. Die pulsgroep

by - O, laat ek eers net sê dat hierdie foto is geneem vanaf die regter kanaal van 'n stereo bandspeler. Die masjien wat gebruik is vir die analise is 'n baie hoë kwaliteit masjien, naamlik die YWA F770. Die pulsgroep by punt 7 alleen is vervat in twee foto's wat ek vervolgens sal inhandig en dit sal dan BEWYSSTUKKE ABD(7)3 en ABD(7)4. Hierdie twee foto's is van die pulsgroep by punt 7 op ABD(7)2. Dit is foto's van die pulsgroep se uitgang op die linker- en regter kanale van die betrokke bandspeler, die YWA F770 en op die foto's is daar 'n tydskaal van 200millisekondes wat vir altwee foto's geld, die totale tyd 200 millisekondes of dan 0,2 sekondes. Die foto waarlangs geskryf is "links" dit wil sê ABD(7)3 is op 'n vertikale skaal geneem van een volt per sentimeter en die onderste een ABD(7)4 waarby geskryf is "regs" is op 'n skaal geneem van 0,5 volt per sentimeter. Hierdie is die enigste duidelik hoorbare klankgroepe, pulsgroepe wat 'n mens as"burst of sound" sou kan beskryf wat op hierdie deel van die opname voorkom. Dit is duidelik dat uit ABD(7)3 en ABD(7)4 die pulsgroep nie ewe sterk is op die linker- en die regter kanaal nie aangesien die twee foto's met verskillende vertikale amplitude skale geneem moes word. Die betekenis van die 0,5 volt per sentimeter by ABD(7)4 impliseer dat die regter kanaal se klank vir hierdie pulsgroep is ongeveer 'n helfte van dit wat op die linker kanaal uitkom. Die regter kanaal s'n is versterk met 'n faktor twee en dan is hy naastenby dieselfde as dit wat op die linkerkanaal is.

Wat beteken een volt per sentimeter? Ek begryp dat die krag is een volt, maar wat is die sentimeter gedeelte daarvan? -- Net soos wat die foto opgedeel is - ek moet liewer

sê/...

sê die ossilloskoopskaal, die ossilloskoopskerm is opgedeel in 10 sentimeters van links na regs.

Op die vertikale of die horisontale skaal? -- Dit is die horisontale skaal. In die vertikale skaal is die ossilloskoopskerm opgedeel in agt blokkies elk van ŉ sentimeter en die gevoeligheid van die ossilloskoop word afgelees in terme van eenhede wat lees soveel volt per sentimeter. Dit sou beteken na die versterking wat hier van toepassing is, sal die boonste foto, ABD(7)3 van bo na onder ŉ totale gebied dek van 8 volt en die onderste een ABD(7)4 sal slegs 4 volt dek, want dit sal wees 8 x 0,5. So, dit sal 4 volt in totaal wees. Die foto wat vantevore ingehandig is, ABD(7)2 is gedoen op ŉ skaal van wat ongeveer 3 volt per sentimeter is en daar is ŉ klein verandering ten opsigte van die manier waarop die foto gemaak is, maar dit het net te doen met die probleme wat ek ondervind het om ŉ tydskaal van 10 sekondes in totaal te kry ten einde ŉ taamlike groot deel van die band te wys. Die foto ABD(7)2 wys vir my dat afgesien van die sterk puls by punt 7, is daar geen ander pulse wat ek sou kan beskryf as "burst of sound" nie, behalwe dat ŉ mens miskien die klank wat by punt 6 voorkom foutiewelik sou kan interpreteer as ŉ "burst of sound", terwyl dit in werklikheid slegs die klank is wat saamgaan met die laggeluid. Die dele in die omgewing van punte 2 en3 opABD(7)2 wat aangegee is as radiosteurings, is die omgewing van wat Vrydag in die hof hier beskryf is as die "radio hissing sound". Ek dink dit is die woorde "radio hiss". My probleem is dat ek nêrens ŉ puls kon kry wat slegs op die een kanaal voorkom nie en dat die betrokke puls by punt 7 op ABD(7)2 soos weergegee in ABD(7)3 en ABD(7)4 ongeveer

twee/...

twee keer so sterk is op die linker kanaal as op die regter kanaal, maar hy kom baie duidelik voor op albei kanale. Dit is duidelik uit foto ABD(7)2 dat afgesien van die puls 7, die puls by punt 7 is daar geen ander pulse, opvallende pulse teenwoordig in daardie ongeveer 10 sekondes deel van die sein nie en indien in gedagte gehou word dat die punt "now gentlemen" tussen punte 6 en 7 voorkom, dan is ek oortuig dat die dele wat aangedui is aan my deur die verdediging in hierdie gebied moes gewees het, maar dat ek dit nie kry nie.

Alternatiewelik dat u op albei bane die "burst of sound" hoor? -- Dit addisioneel, ja. Ek kan net sê dat alhoewel ABD(7)2 'n foto is van slegs die een kanaal, naamlik die regter kanaal, is die linker kanaal se klank heeltemal soortgelyk aan hierdie en bevat dit geen nuwe inligting nie. Ek het dit wel bestudeer, maar nie 'n foto gemaak daarvan nie.

MR YACOOB : And then further to listen to the rest of the short portion, we drew specific attention to the speaker's voice, becomes even softer from its original softness for a while, then becomes louder a little bit later. Did you find that? -- Ek het baie sorgvuldig geluister na daardie deel en daar is slegs uiters geringe variasies in die sterkte van daardie spreker se stem in die sagte gedeelte. Ek kan dus nie saamstem dat ek dele hoor wat ek spesifiek sou beskryf as dele wat sag word en dan weer hard word nie.

In addition, there was a clear pulse at the stage at which the voice becomes softer? -- Dit is om daardie rede wat ek BEWYSSTUK ABD(7)2 voorberei het om te wys dat my analise toon geen puls op die punt waar die klank sagter

word/...

word nie. Ek hoor ook geen opvallende klankgeluid op daardie punt nie.

We are talking at cross purposes. We know that at the point at which you took the photograph and the words "Then gentlemen" occur, the sound is soft on the right channel. What we say is that some time later and just to give you some idea of the counter reading, on our counter reading 583 or thereabout the sound in fact gets softer at the point where the words "Then gentlemen " are heard, which we are now talking about. At counter reading 595 - that is the counter reading on the 7700 - we say that there is a pulse on the right channel only and the speaker gets even softer and at counter reading 687 on the 7700, the voice becomes somewhat louder again. This was phenomenon which occurs - this was a phenomemon which occurs if you listen to the tape from 583 a little beyond the "Then gentlemen" and to the end of it.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Hierdie ABD(7)2, hier word nou aan u tellerlesings gegee wat strek van ongeveer 583 na ongeveer 687. Dit is 'n byna 100 tellerlesing. Klaarblyklik moet die baie wyer strek as hierdie deel wat deur die foto gedek word. -- Dit salwees, ja. Ons kan net weer by mnr. Atkinson uitvind hoeveel minute verskil daar tussen die tellerlesing sal wees. Ek dink hy het 'n lys daarvan. Dit sal ons 'n idee kan gee want die foto dek slegs 10 sekondes.

MR YACOOB : It is clearly much more. The area that I refer to is clearly much more and this photograph finishes very shortly after out counter reading 583 and possibly starts before that, but the portions which were drawn to the witness's attention on Friday firstly was those burts of

sound/...

sound at or around 583 and that is what I now understand the photograph is about and he was told that he must listen right to the end of the tape and that he would find at some point that the voice will get softer and louder and those are two different things. They are clearly not encompassed in the photograph. Did you find these points when listening, right up to the end of the tape and not limited to the area around where you took the photograph? -- Ja, ek het verskeie kere na die band geluister vanaf die punt waar die foto geneem is tot reg op die einde en die enigste plek waar ek daardie woorde "gentlemen" of "now gentlemen" gehoor het was in die heel begin waar die klank begin sag word het. Ek het verstaan dat die een puls of "sound burst" waarna verwys is kom voor voor daardie punt en die een daarna. Wat ek wel gehoor het in die res van die sagte deel is veranderings in luidheid wat normaal sal gaan soos wat 'n spreker praat, soms 'n bietjie harder, soms 'n bietjie sagter. Ek het ook op een plek 'n redelik sagte puls gehoor wat slegs op die regter kanaal voorkom en aangesien daar slegs een so 'n klank teenwoordig was in die laaste deel van die band, neem ek aan dat dit die "sound burst" sal wees waarna verwys word. Hierdie is 'n baie sagter klank en ek kon dit duidelik terugspoor na 'n stamp aan die mikrofoon. Die spreker wat besig was om te praat het skynbaar teen die mikrofoon gestamp.

I think that we will play you this section on the right channel only and indicate to you where the sound becomes softer after the pulse and thereafter indicate to you where we say the sound thereafter gets louder. You can decide whether you want to listen through headphones

or/...

or not.-- Ek dink vir die doel sal dit nie nodig wees as net die een kanaal gespeel word nie. Ek kan vanaf my posisie in die getuiebank luister daarna.

And we will stop it as soon as it gets softer. We wil play it from counter reading number 581 on the 7700 which is 490 on the 7100. (Bandopname word gespeel) It now records as counter number 591. I had it originally at 595 and the reading on the 7100 is 501. What comment do you have to make about the softening of the sound that you heard now? -- Om net duidelikheid te kry. Daar is ook 'n stampgeluid teenwoordig op daardie punt. Is dit die "burst of sound " waarna verwys word.

I am now not talking about the burst of sound. The burst of sound is much earlier. I will come back to that. You see, we raised two different things with you on Friday in connection with this portion. The first was the burst of sound question and the second was later on in the tape the sound getting softer and then louder. You commented and given your photographs as I understand it to explain and to express an opinion in respect of the burst of sound question. I am now asking you about the second aspect to which I drew your attention on Friday and that is the question of the sound getting softer and louder, that it is completely separate from the burst of sound question. I want to point out to you that this is the area to which we refer where there is a pulse.

HOF : Die getuie sê vir u daar is 'n stampgeluid daar. Praat julle van dieselfde area?

MR YACOOB : We dispute that it is a "stampgeluid", but I am prepared to accept that we are talking about the same

point/...

point. All I want to know at this stage , did you hear that the sound got softer at that point?-- Ja, dit is korrek. Ek het ŉ plek gehoor waar die klank sagter word.

And I want to suggest to you that that is something other than the speaker simply speaking more softly? -- Ja, ek stem saam dat daardie gedeelte wat sagter word is om ŉ ander rede as dat die spreker sagter praat.

And to complete the picture, and this was at counter reading 595 which we now find is at 591 on this spirit of rewinding. The sound carries on at that level until counter number 687 and thereafter it gets louder again and we would like to play you that. This sound probably takes about five minutes to play through. We could do it in two ways. If you accept that the sound remains the same throughout, we could actually wind it closer to 687 so that you can hear the point and then we can just play to you the spot at which the sound suddenly gets louder. Otherwise if you do not accept that the sound remains the same from this point until 687, we will have to play it to you from this point to 687. -- Dit is in werklikheid ongeveer vier minute wat ek dink hier van belang sou wees. Ek sou graag die deel wil hoor kontinu van net voor die stukkie waar nou gestop is, dit wil sê voor die laaste tellerlesing 591 en tot by die punt waar die verdediging sê dat die klank weer harder word.

HOF : Gee my net die lesing waar u begin.

MR YACOOB : It is 588 on 7700 and 495 on 7100. (Bandopname word gespeel) The counter reading is 683 which I earlier had as 687 on the 7700 and on the other one is 580. Did you hear that the sound got louder a couple of seconds

before/...

before we stopped? -- Ek sal graag 'n stukkie net weer wil luister voor hierdie punt en 'n entjie verder verby die betrokke punt wat hier aangedui is. Ek het wel 'n verandering gehoor. Ek sal graag net meer wou hoor in die omgewing daarvan.

We are now going back to counter reading 680 on 7700 and 575 on the other machine the 7100. You can put up your hand at the stage when you decide that you heard enough. (Band opname word gespeel) That is the end of the tape and it is at counter reading 701 on the 7700 which will be 593 on the 7100. You have now heard it until the end of the tape. Do you accept that the sound does become louder in the vicinity of counter number 683, which is the point at which we stopped when you heard it the last time? -- Ek word nou versoek om kommentaar te lewer op vreeslike klein effekte. Al wat ek kan sê is, dit kan wees dat die klank effens harder is. Daar is wat ek sou beskryf weer 'n stampgeluidjie en daarna is die klank of ongeveer daarna is die klank miskien effens harder. Ek kon sekerlik geen opvallende verandering hoor nie.

Our assessment particularly in respect of what occurs at counter reading 591 that this actually indicates that there was an attempt to erase the sound and this was not a good effort. What do you say to that? -- Dit is vir my heel duidelik wat gebeur het by daardie punt in die omgewing van 591 en dit hou geensins verband met die voorstel dat dit 'n poging was om die klank uit te vee nie. Die sagter word van die klank vind plaas onmiddellik na 'n geluid wat ek beskryf as 'n stampgeluid en wat vir my heel duidelik 'n geval is van 'n stamp teen 'n mikrofoon. Dit is dan vir my

heel/...

heel duidelik dat die outomatiese winsbeheer van die bandopnemer geaktiveer geraak het na die stampgeluid. Dit veroorsaak dat die klank vir 'n kort rukkie opvallend sagter word maar dat dit gou weer terugkeer na ongeveer dieselfde waarde as vantevore. Die sagter deel wat net - die heelwat sagter deel duur in werklikheid net vir 'n kort rukkie en dit is duidelik te wyte aan die outomatiese winsbeheer en sekerlik nie te wyte aan 'n uitveeproses nie. Enige uitveeproses sou albei bane gelyktydig beïnvloed het en dit sou die hoë mate van ruisvlak wat op die ander kanaal, dit wil sê die linker kanaal voorkom ook minder gemaak het, wat nie so is nie. Ek kan die bevestig omdat ek nie slegs na die een kanaal geluister het nie, maar na albei kanale gelyktydig met ten minste een van my luistertoetse en daardie effek sou ek waargeneem het, maar ek het niks daarvan gehoor nie.

We want to put to you that the sound becomes significantly softer at counter reading 591 and that it does not again retain its original loudness shortly afterwards as you say and that therefore it cannot be the operation of the automatic gain control? -- Ek stem saam dat die tweede seinvlak is nie dieselfde as die eerste nie. Ek het gesê ongeveer dieselfde, maar ek stem heeltemal saam dat dit is effens swakker as die eerste gedeelte. Die outomatiese winsbeheer gedeelte waarna ek verwys het, is of geld net vir 'n baie kort rukkie, 'n sekonde of twee na die stampgeluid. Die verklaring vir waarom daar 'n langer deel sein is wat miskien effens sagter is, sal gesoek moet word aan omstandighede wat gegeld het. Ek kan nie aanvaar dat 'n uitveeproses so 'n klein verskil in klankvlak sou veroorsaak het nie.

Wat/...

Wat ek wel sou kon aanvaar is dat die mikrofoon met die stampslag effens weggeskuif het van die spreker se mond. en dat as gevolg daarvan die klank miskien effens sagter deurkom.

Have you checked by reference to EXHIBIT 6 what the response of the automatic gain control was like on other parts of it? -- Gee my ŉ oomblik om net na te gaan in my ABD(6)6. Op die tweede bladsy daarvan gemerk "Analise bladsy 20" begin daar in ongeveer die middel van die bladsy die beskrywing van "kant 2" en ŉ entjie verder onder dit is daar tellerlesings 302 en 370 aan die linkerkant, waarby daar by geskryf is klikgeluide op klank. Waarskynlik stamp teen mikrofoon, op ossilloskoop bekyk. Ek praat van geheue as ek sê dat ek op daardie punte dieselfde soort van effek gevind het, naamlik dat die outomatiese winsbeheer hoorbaar was net na die stamp teen die mikrofoon.

Are you saying - I just want to try and understand you - that you actually and clearly remember as you stand in the witness-box today the "stampgeluid" that you heard and the effect of it on the automatic gain control? -- Daar is ŉ moontlikheid dat ek dalk ŉ fout maak, maar ek is taamlik oortuig dat dit dieselfde is.

I want to suggest to you - was there anything special, anything noteworthy about the "stampgeluid" that we are talking about now and the operation of the AGC at that point? -- Nee, dit was net die normale waarnemings wat ek maak dat dit is tipies met dié soort van bandopnemers wanneer daar teen die mikrofoon gestamp word dan hoor ŉ mens die werking van die outomatiese winsbeheer en om die waarheid te sê skryf ek die aksie daarvan nie eers normaalweg in nie,

want/...

want ek beskou dit as ŉ normale situasie. Ek onthou spesifiek dat op die Claremont band het ek daardie effek ŉ paar keer waargeneem. Daar kan ŉ mate van twyfel wees of dit spesifiek die plekke is wat ek hier aangedui het, maar ek is taamlik seker dat dit korrek is. Ek kan dit ieder geval weer gaan nagaan vir die Hof se voordeel om sekerheid te kry daaromtrent. en dan op ŉ latere stadium net die resultaat daarvan bekend maak.

HOF : *U kan dit doen as dit werklik nodig word.* -- Dankie.

MR YACOOB : Did you measure the rate of response of the automatic gain control in respect of this recording? -- Nee, ek het dit glad nie gemeet nie.

We measured it and it is in fact a reasonably slow automatic gain control which has in fact a release time of 15 seconds? -- ŉ Mens kan nie ŉ outomatiese winsbeheersisteem beskryf in terme van ŉ terme soos "release time" van 15 sekondes nie en by "release time" sal daar bedoel word die tyd wat dit vat vandat die klank sag geword het op die opname totdat dit weer terug is by die oorspronklike waarde. Die rede waarom ŉ mens nie ŉ enkele syfer daaraan kan gee nie, is omdat die werklike tyd gaan afhang van hoe sterk die klank was wat die outomatiese klankbeheer beheer het.

You are quite right but this has been measured using a very loud sound on the tape itself? -- Goed, ek kan nie daaroor verder kommentaar lewer nie, behalwe dat dit vir my klink asof die waarde te hoog is.

What we say is that - I withdraw that. Would you agree that the sound on the right channel and I talk about the situation from approximately 580 until the end of the tape now, do you accept that apart from the variations we have

discussed/...

discussed the sound on the right channel is very unclear? -- Dit is ook die deel wat op pas voorgespeel is in die Hof?

Yes? -- Ja, ek stem saam dat daardie gedeelte is onduidelik. Ek het self met aandag probeer luister of 'n mens kan uitmaak wat gesê word en gevind dat 'n mens hier en daar woorde kan hoor, maar ek het gevind dat dit was nie vir my moontlik om lang dele sinvol daar uit te kry nie.

Because the sound is non-existent on the left channel? -- Dit is korrek.

What would you say gave rise to that? -- Met iets soos hierdie is daar altyd heelwat van gissings omtrent wat het nou eintlik gebeur. In 'n oorspronklike gedagte van my het ek gedink dat dit moontlik 'n probleem was by die radiomikrofoonsender, maar by nabetragtenis het ek besef dat dit nie die geval kan wees nie. Die enigste goeie verduideliking wat ek aan kon dink van waarom enigiets sou veroorsaak dat sein wat vantevore op die hele wydte van die baan opgeneem was, sodat dit op 'n stereobandopnemer op albei kanale duidelik deurkom, maar wat na daardie oorgangspunt baie sag is en dit slegs op een kanaal van die stereobandspeler, het ek gedink moet gesoek word in terme van vuiligheid op die opneemkop van die bandopnemer ten tye van die maak van die opname. Ek het BEWYSSTUK 6 se band getoets op 'n stereobandspeler en gevind dat die klank soos waargeneem op hierdie band nie ooreenstem daarmee dat enige deel daarvan opgeneem was met 'n stereobandopnemer nie. Dit kon ek vasstel deur die band effens heen en weer te beweeg oor die koppe waaroor dit teruggespeel word. Dit wil sê na die sykante toe, terwyl die band in 'n sekere rigting loop. Ek het gevind dat die spraakgedeelte slegs op 'n baie smal gedeelte van die

band/...

band voorkom en ten einde my vermoede te toets het ek 'n toetsopname gemaak op 'n mono bandmasjien waar ek kunsmatig vuiligheid toegevoeg het tot die opneemkop en ek het dit gedoen in terme van 'n klein stukkie plakband wat ongeveer dieselfde het - dieselfde dikte het as die magneetband self. Wanneer hierdie stukkie plakband die grootste gedeelte van die opneemkop bedek, het ek gevind dat die opneemmeganisme heeltemal effektief geneutraliseer is en dat daar omtrent niks op die band opgeneem word nie. Al wat na die tyd hoorbaar is, is 'n taamlike hoë geraasvlak. Wanneer die plakband egter net oor 'n deel van die opneemkop geplaas is en dit is ongeveer een-derde van die baan wat op dié manier opgeneem word, dan vind ek 'n effek presies soos wat dit in die laaste deel van hierdie BEWYSSTUK 6 voorkom, naamlik dat opname plaasvind slegs oor een deel van die band sodanig dat dit met terugspeel op 'n stereobandopnemer klink of daar slegs op die een kanaal opgeneem was en ek het ook die effek gekry dat die ander kanaal 'n besonder hoë ruisvlak registreer, maar geen klank nie. Ekskuus, ek moenie sê geen klank nie. Geraas is ook klank. Geen spraak nie. Dit is dus my mening dat wat gebeur het op hierdie punt op die band is dat daar 'n stukkie vuiligheid gaan vassit het op die opneemkop. Die vuiligheid sou meer gewees het aan die een kant van die kop as op 'n ander kant en dit sou veroorsaak het dat die opname gedoen kon word slegs op die een kant van die band, dit wil sê een kanaal en dan ook slegs baie saggies. Dit is bekend dat gedurende 'n opname is bandkontak met die opneemkop baie krities. Indien die band nie deeglik kontak maak met die opneem kop nie, dan verswak die kwaliteit van die opname - eintlik dan

verswak die sterkte van die opname baie vinnig.

In this recording that you made with about a third of the track covered, what was the quality of the sound on the channel on which you in fact got sound, got your K430 recording? -- Die spraak wat nog hoorbaar was, was van ŉ soortgelyke kwaliteit as wat op hierdie band hoorbaar is van die spraak wat nog oorbly in dié opsig dat dit baie sagter is en dat die helderheid heelwat afneem waarskynlik omdat daar minder hoë frekwensies op die band opgeneem word. Dit is ook ŉ bekende verskynsel dat met ŉ verswakking in kopkontak met die band daar ŉ verandering plaasvind ten opsigte van hoe sterk lae frekwensies en hoë frekwensies op die band opgeneem word en die deel wat die meeste beïnvloed word is gewoonlik die hoë frekwensies.

Is the tape which is the result of the experiment available? -- Ek het dit nie hier by my nie. Ek sal moet vasstel of dit dalk nog in my kantoor beskikbaar is.

Did you do this in the weekend of at some other time? -- Ek het dit verlede week gedoen een aand. Ek dink dit was Donderdagaand, maar dit kon dalk ook Woensdagaand gewees het.

It is not possible for us to comment on what you say in connection with your experiments, unless we have had access to the tape.

COURT : Unless you do the experiment yourself.

MR YACOOB : You said earlier in your cross-examination, in fact agreed earlier in your cross-examination, that was on Thursday, I am sorry Wednesday, that ... (Court intervenes?

COURT : Of which week?

MR YACOOB : Last week. That when an attempt is made to

wipe/...

wipe out the tape and the machine is not working properly, then it is possible to get the result where there is no recording on one channel and the recording is very poor and soft on the other channel. Do you agree with that? -- Ja, ek kan my voorstel dat so iets kan gebeur.

Are you saying that it could not have happened, that sort of thing could not have happened in this case? -- Ja, ek is oortuig dat dit in hierdie geval nie gebeur het nie en ek sal graag redes wou gee daarvoor. Die eerste is dat op die punt waar die klank skielik sagter word, ek hoegenaamd geen addisionele pulse kon kry wat sou kon aandui dat ŉ bandmasjien se uitveemeganisme op daardie plek aangeskakel is nie. Die afwesigheid van pulse is egter wel heeltemal in lyn met my verduideliking daarvan dat daar vuiligheid op die opneemkop gekom het op daardie stadium. ŉ Ander uiters belangrike rede waarom ek dit nie kan aanvaar nie, is ten opsigte van sekere verskynsels wat ek waarneem reg aan die einde van die band net by die punt waar die opneembare deel van die band eindig en die deurskynende sogenaamde "leader" gedeelte begin. Ek het van daardie punt ook ossilloskoopfoto's geneem en ek sal dit graag inhandig om my bewerings te staaf.

<u>HOF</u> : Hoeveel is daar? -- Hier is twee foto's.

Dit sal wees <u>ABD(7)5 en ABD(7)6</u>. Wat beteken die foto's? Die foto's dui aan dat die klank skielik weer harder word net voordat dit oorgaan op die "leader"gedeelte. Op albei die foto's is daar heel regs ŉ stukkie waar die amplitude baie klein word en die lyntjie feitlik plat horisontaal beweeg. Dit is die plek waar die "leader" band begin en waar daar geen opname gemaak is nie. Die foto's dek

albei/...

albei ŉ tydsbestek van een sekonde en ten opsigte van die vorige foto's ABD(7)2, (7)3 en (7)4 is daar ŉ groot verskil in amplitude. Ten einde hierdie foto's te maak moes daar gewerk word met addisionele versterking wat daarop sou neerkom dat die vertikale amplitudeskaal in hierdie geval 0,01 volt per sentimeter is, dit wil sê 10 millivolt per sentimeter wat beteken dat daar ŉ faktor van 100 bestaan in die amplitudes soos op ABD(7)3 en ABD(7)5 en (7)6. Die belangrike aspek is die verskynsel dat aan die linkerkante van beide ABD(7)5 en ABD(7)6 die sein ŉ sekere lae waarde het, maar dan skielik in ongeveer die middel van die foto is daar dele wat aansienlik harder is voordat die sein heeltemal verdwyn. Indien die sein sagter sou wees omrede daar ŉ uitveeproses teenwoordig was, dan sou hierdie verskynsel nie kon plaasvind nie, aangesien dit alles sagter sou gewees het tot reg aan die einde tot waar die "leader" band begin. Die verklaring van vuiligheid op die kop is egter heeltemal in lyn met hierdie verskynsel wat hier waargeneem word. Op die punt waar die "leader" band begin is daar ŉ kort stukkie waar "leader" band geplak is bo-oor gewone band. Dit wil sê daar is ŉ stukkie waar die band as geheel dikker is as op ander plekke. Hierdie dikker stukkie band beweeg nie so egalig oor die kop as die res van die band nie en my verklaring is dat hierdie effens dikker deel veroorsaak het dat die vuiligheid wat op die kop teenwoordig was begin het om los te kom en as gevolg daarvan het die klank skielik sterker begin deurkom. Ek sal graag versoek dat daardie laaste stukkie in die hof voorgespeel word net om te demonstreer dat daardie effek ook duidelik gehoor kan word.

MR YACOOB/...

MR YACOOB : We are starting to play at counter number 697 on the 7700 which will be 592 on the 7100. (Bandopname word gespeel) -- Daar kon duidelik gehoor word dat heel op die end word daar dieselfde klank skielik effens harder.

HOF : Is dit u verduideliking? -- Dit is my verduideliking.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : I want to take each of your reasons why you say that this cannot be a wiping out process separately. The first reason you gave was that there is no pulse which indicates the beginning of the wiping out process? Do we accept that a machine like the AIWA if that was used to effect the wiping out, would not have left any pulse probably? -- Ek sou verwag dat selfs 'n masjien soos die AIWA sou wel onder daardie omstandighede 'n puls gelaat het.

Even in circumstances where there were hardly any pulses in EXHIBIT 32 which you recorded with the AIWA? -- Ja, ten spyte daarvan,

Why is that so? -- In hierdie geval begin die sagter deel eensklaps op 'n sekere plek en normaalweg met die AIWA is daar tydvertragingsmeganismes ingebou in die masjien wat die band terughou wanneer dit aangeskakel word in die opneem-modes. In hierdie geval kry ek nie die indruk dat dit op so 'n manier gebeur het nie, want daar is geen dubbele effek nie en daarby dink ek aan die effek van die uitwismeganisme van die wiskop en die gedeeltelike uitwismeganisme van die opneemkop.

I want to put it to you that there are tape recorders

like the AIWA which would have left no pulse, even when one goes into recording at the beginning of a wiping out process. -- Ek kan nie praat uit ondervinding met die hoë klas bandmasjiene onder sulke omstandighede nie. So, ek moet in daardie opsig toegee dit is teoreties aanvaarbaar dat daar bandopnemers kan wees wat kan begin uitvee sonder dat daar pulse gelaat word, maar die dubbele effek waarvan ek so pas gepraat het, dat ŉ mens die effek sal sien van waar die wiskop begin werk en waar die opneemkop begin werk, daardie effek sal nog altyd daar wees en dit is nie hier in die geval teenwoordig nie.

If a single head machine was used then that possibility does not exist at all of the effect of two heads? -- Dit is korrek, maar daar moet in gedagte gehou word dat die beter klas masjiene wat ŉ moontlikheid sou hê om nie pulse te los nie, is almal masjiene met twee koppe. So, sodra ŉ mens in oorweging neem dat dit dalk ŉ enkel kop masjien sou kon wees, dan sou ŉ mens weer eens pulse verwag.

As far as the second you gave was concerned, based on the fact that in the end where the leader tape joins on to the tape which is used for recording, the tape actually becomes somewhat thicker? -- Dit is korrek.

And that thickness, that additional thickness, could equally have had the result that proper contact was not made with the erase head at the end of the wiping out process and that is why you will find that at the very end that little bit of sound is there still? -- Daar is ŉ hele paar besware teen daardie argument. Die eerste daarvan is dat die manier waarop die wiskop werk is anders as die manier waarop die opneemkop werk. Die grootte van die magneetgaping op die

wiskop/ ...

wiskop is baie groter as op die opneemkop en dit veroorsaak dat die penetrasie van die wiskop baie groter is as dié van die wiskop.

HOF : Die penetrasie van die? Watter kop is groter as watter kop? -- Ek het verkeerd gesê. Die penetrasie van die wiskop is veel groter as dié van die opneemkop. Dit beteken dat die wiskop nie krities is ten opsigte van bandkontak nie en daarom sou nie verwag word dat die effens onegalige verby beweeg van die dikker gedeelte van die band dieselfde effek by die wiskop sou hê as by die opneemkop nie. Die ander rede is te sien uit die foto ABD(7)5 waar dit duidelik is dat daar ongeveer in die middel en dan ongeveer een-kwart van die regterkant af sterk pulse is met ʼn lae gedeelte tussenin. Dit sou heeltemal strook met die verduideliking van die effek wat onegaligheid sou hê in die geval van vuiligheid op die opneemkop, maar as dit bloot ʼn effek sou wees van ʼn band wat uitgevee is deur ʼn wiskop wat nie goed werk nie, dan is daar geen manier waarop ek die teenwoordigheid van die twee sterk gedeeltes weerskante van ʼn baie swak gedeelte sou kan verklaar nie.

All we are saying is that the erase head ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Al wat ons sê?

MR YACOOB : I am sorry, all that I am saying is that the erase head was less effective at the end of the tape as a result of the thickness thereof than it was before? Are you saying that the thickness of the tape will have no effect on a head which is - on an erase head which is already not working too well? -- Om daardie vraag deeglik te beantwoord moet ʼn mens kyk na ʼn hele paar aspekte ten opsigte van

die/...

die moontlikheid van wat op die band gebeur het soos deur die verdediging voorgehou en die eerste het daarmee te doen dat daar 'n swakker deel is, heelwat swakker as vantevore. Die tweede aspek van belang is dat 'n mens nou kry dat daar nog - dat daar net sein is op een gedeelte van die band sodat op 'n stereobandspeler sein gehoor kan word slegs op een kanaal. Dit sou impliseer dat as dit sy ontstaan te wyte het aan 'n uitveeproses, dan moes daar gelyktydig ten minste twee dinge verkeerd gegaan het, nie slegs een ding soos wat ek dit voorhou nie. Die twee dinge wat verkeerd moes gegaan het, is dat daar miskien eerstens ook vuiligheid op die wiskop teenwoordig was, maar omdat die wiskop nie naastenby so gevoelig is vuiligheid of vir bandkontak nie, sou dit tweedens ook beteken het dat daar elektroniese probleme moes gewees het. Met ander woorde, die wiskop werk om mee te begin nie goed nie en daar sou ons kan dink daaraan dat die uitveesein, die ossillerende sein wat na die wiskop toe gaan om een of ander rede baie swak is, maar dit alleen sou net veroorsaak dat die band oor die hele wydte, dit wil sê albei kanale van 'n stereo sisteem nie goed uitgevee word nie en ek praat hier nie uit ondervinding nie, ek praat slegs in 'n teoretiese sin. Ekself is nie geneig om dit te aanvaar nie, bloot omrede die wiskop nie gevoelig is vir noue bandkontak nie. In hierdie geval het 'n mens twee kanale waar - het 'n mens 'n band wat sodanig is dat as dit teruggespeel word oor 'n stereomasjien met twee kanale, dan hoor 'n mens spraaksein slegs op die een kanaal, maar nie op die ander nie. Die linker kanaal waarop daar geen spraaksein hoorbaar is nie, is wel, bevat wel 'n aansienlike hoeveelheid ruis en in werklikheid bevat dit meer ruis as wat

dit/...

dit sou bevat het indien daar spraak op was wat sodanige uitgevee is, dat die spraak op die betrokke kanaal nie meer hoorbaar is nie. Hierdie addisionele hoeveelheid ruis strook egter wel met my verduideliking van die situasie dat dit vuiligheid op die kop was tydens die opneemproses want my toets het gewys dat onder sulke omstandighede die kanaal wat nie spraak op kry nie, wel nog altyd 'n aansienlike hoeveelheid ruis op kry.

I will deal with this reason a bit later. Let us get back to the original questions. I understand that the erase head is less sensitive than the recording head and the contact has or is perhaps a more significant factor when one talks about contact with the recording head rather than talking of contact with the erase head? Although it is less sensitive contact nevertheless remains important in connection with the erasing process as well and therefore we put it to you that the thickness of the tape that affected the contact and that this is the reason for the additional sound? -- Laat ek eers net weer terugkeer na <u>BEWYSSTUK ABD(7)5</u> in die gedeelte wat ek alreeds bespreek het, naamlik die deel in die regterkantste helfte van die foto. Daar is 'n deel waar as 'n mens kyk dan sien 'n mens daar is net na die helfte 'n heelwat sterker sein wat deurkom, maar dan is daar vir 'n kort rukkie sein wat heelwat swakker is as enigiets wat aan die linkerkant teenwoordig is en dan weer 'n kort stukkie wat heelwat harder word. Daar is geen manier hoe ek kan vir myself verklaar dat die gedeeltetjie wat sagter is as enigiets anders, dat dit sou inpas by die res van die meganisme nie, want sou 'n mens die situasie oorweeg dat weens swakker kopkontak

die/...

die uitveemeganisme nou swakker werk, dan sou ŉ mens hier die situasie hê dat jy heelwat swakker kontak het en dan skielik heelwat beter kontak of in ieder geval vir ŉ kort rukkie ŉ heelwat beter werking van die uitveemeganisme en dan om die laaste sterk puls te gee weer ŉ swakker kontak. My besware is daar dat die hele verklaring kan nie net in kopkontak gesetel wees nie. ŉ Mens sou daar ook moes kry om daardie swakker deeltjie te kry dat daar ŉ beter uitveemeganisme geaktiveer word vir ŉ baie kort tydjie, wat vir my nie sinvol lyk nie, want die effekte in daardie swak deeltjie is nie wat ek nou verwag van ŉ beter maar nog steeds nie baie goed werkende uitveemeganisme nie, omdat daardie stukkie redelik onegalig is, dit wil sê daar is nog altyd klanksein sigbaar in daardie deel. Dit hang nog altyd saam daarmee dat ŉ mens dit eerder sou toeskryf aan ŉ swak werkende opneemproses as ŉ swakwerkende uitveemeganisme. Die ander aspek wat van belang is hier is dat daar nie net ŉ klein verskil bestaan tussen die gevoeligheid vir bandkontak by die uitveekop en die opneemkop nie. Daar is ŉ baie groot verskil van waarskynlik ŉ faktor tien of meer. So, dit is nie klein effekte wat hier ter sprake is nie. Dit is groot effekte. In die een geval ŉ situasie waar die opneemkop baie gevoelig is vir variasies in kontak met die band en in die ander geval ŉ wiskop wat baie ongevoelig is ten opsigte van kontak met die band.

The variation that you describe on the photograph ABD(7)5 could easily have been the result of varied contact in consequence of variations in the thickness of the tape caused by a relatively clumsy joint? -- Ek het die lasplek bekyk fisies. Die lasplek het ek gevind is maar net so

goed/...

goed soos enige ander lasplek waarmee ek al te doen gekry het. Daar is geen aanduidings dat dit ŉ swak lasplek is nie. Dit is ŉ heel normale lasplek.

The tape at that point is thick and it does curve away from the heads.--Meeste band, soos hierdie band, wanneer dit bekyk word direk in die kasset, dan is daar ŉ effense buiging aan die kante van die band na die binnekant van die kasset toe wat sou ooreenkom met ŉ buiging weg van die ko af.

We are talking about bends across the length of the tape not in the width. -- Ja, daar kan ek nie saamstem dat daar ŉ buiging teenwoordig was nie. In ieder geval, toe ek dit geïnspekteer het nie.

I understand that that curve away from the head is clearly visible now if you would like to have a look. I will remove EXHIBIT 6 from the tape recorder and show it to you. -- Ja, ek stem saam dat in die slap toestand van die band is daar ŉ duidelike buiging, maar sodra daar selfs ŉ gerige mate van spanning op die band geplaas word, dan verdwyn daardie buiging so ver ek kan sien geheel en al.

My instructions are that there is not enough back tension on a tape recorder to straighten that out completely. -- Wel, dit is ŉ moeilike saak want ek kan geensins die gevoel wat ek nou toegepas het op my band om spanning op die band te plaas vergelyk met spanning wat werklik in die band plaasvind nie. Ek weet egter dat aan die einde van die band is die terugspannig op die band op sy maksimum. Dit is heelwat meer aan die einde ongeveer ŉ faktor vyf meer aan die einde as wat dit aan die begin is. So, ek sou kan sê dat ek sou verwag dat daardie effense buiging feitlik geheel en al

uitgewis/...

uitgewis sou deur die spanning in die band, maar ek kan nie sê dat ek vir seker weet dat dit wel so is nie.

You accept that the sound at the end of the tape that you point to although somewhat higher than the sound before is still a fairly low level of sound. -- Die sterker gedeelte soos te sien op BEWYSSTUKKE ABD(7)5 en (7)6 is in die orde van miskien vier keer of meer groter as die gemiddelde sein soos te sien in die linkerkant van daardie betrokke foto. Dus volgens my waarneming is dit aansienlik sterker en nie net 'n klein bietjie sterker nie.

But if you compare it with ABD(7)2 in the region of or say between your point 5 and point 6 as you have marked it there, nearer 5 than 6 and compare that with the stronger parts of the sound signal as depicted in photograph ABD(7)5. -- Daar is 'n amplitude verskil van meer as 'n honderd keer tussen foto's ABD (7)5 en (7)6 aan die een kant en ABD(7)2 aan die ander kant en daarom is dit nie moontlik om dié twee met mekaar te vergelyk ten opsigte van amplitude nie.

Is it correct that the photographs (7)5 and (7)6 were obtained with much greater amplification than the photograph ABD(7)2? -- Dit is korrek.

COURT : Are you making anything of these photographs, Mr Yacoob?

MR YACOOB : Yes.

COURT : Well, then you must put your point, because the witness says you cannot compare apples with pears.

MR YACOOB : So, on the basis that you can make that comparison taking into account that (7)5 and (7)6 are amplified at least a hundred times more than photograph (7)2.

COURT : What is put?

MR YACOOB/...

MR YACOOB : I am putting that if you take that into account it becomes clear that relatively speaking the sound which appears on (7)5 and (7)6 The extent which is louder sound that the rest of (7)5 and (7)6, is still soft in relation to the sound obtained between the points 5 and 6 on photograph ABD(7)2. -- Ja, dit is sekerlik waar.

And do you accept that leaving aside your amplification the difference in amplification at the moment, the difference between the sound in (7)6 and(7)5, the louder parts on the one hand and that portion between points 5 and 6 on photograph ABD(7)2 could be described as negligible. -- Nee, ek kan glad nie daarmee saamstem nie. ŉ Mens kan nie foto's wat met sulke groot verskille in amplitudeskaal en selfs ook in tydskaal gemaak is op dié manier vergelyk nie. Die doel van foto's ABD(7)5 en (7)6 was om aan te dui dat op daardie een foto is daar ŉ groot verandering vanaf die linkerkant waar die oorspronklike toestand nog geld tot later waar daar groot veranderings in amplitude plaasvind, maar ŉ mens kan nie hieruit ŉ vergelyking tref met ABD(7)2 nie en enige poging om dit te doen behoort beter ter syde gelaat te word.

The other point you mention concerns the presence of the measure of noise on the channel on which there is no sound, that is on the left channel. The absence or presence of such sound would depend I would suggest to you the type of machine used and the condition thereof. -- Die ruis op daardie punt en op daardie kanaal is hoër as die ruis wat ŉ mens sou kry in net van band alleen of band wat voorheen opgeneem was, ek moet sê as skoon band. Dit sal hoër as skoon band wees. Dit is verder ook hoër as die band waarop

daar/...

daar voorheen opgeneem en wat deur ŉ "bulk eraser" uitgevee is. Om die waarheid te sê dit is ook nog veel hoër as wat dit sou wees wanneer spraak deur ŉ bandmasjien se eie meganisme skoon gevee is.

We have not measured that sound with any accuracy, but our impression is the sound on the left hand channel - sorry, our impression is that that left channel is relatively quiet as compared with the sounds or noises, background noises which are there during radio microphone interruptions and the like on the tape? -- Ja, ek het dit self ook nie gemeet vergelykenderwys nie, maar daar is wel ŉ waarneming wat ŉ mens direk kan maak vanaf BEWYSSTUKKE ABD(7)5 en (7)6. Die boonste foto ABD(7)5 aan die linkerkant van daardie foto bevat slegs ruis. Die onderste foto ABD(7)6 aan die linkerkant bevat sagte spraak en dit is duidelik uit hierdie twee foto's dat die amplitude van die ruis op die boonste foto is vergelykbaar en selfs groter as die amplitude van die sagte spraak op die onderste foto. Dit strook met die waarneming wat ek gemaak het dat die ruis selfs harder is as wat die sagte spraak is en om daardie rede het ek geen twyfel nie dat indien ŉ mens daardie ruis sou vergelyk met wat verkry word gedurende stil tye soos veroorsaak deur verdwynings van klank as gevolg van radiomikrofoononderbrekings, dat hierdie ruis op die linker kanaal van die band in die laaste deel nog altyd heelwat harder sal wees as dit wat ŉ mens kry gedurende die radiomikrofoononderbreking.

Could you just repeat the last answer? -- Ek het gesê ek het geen twyfel dat indien ŉ mens die ruis wat op die linker kanaal van die laaste deel van hierdie band is sou vergelyk met stil tydjies in die band op plekke waar

daar/...

daar radiomikrofoononderbrekings is, dat ŉ mens dan sal vind dat hierdie ruis op die laaste deel op die linker kanaal heelwat harder sal wees as die ruis wat ŉ mens kry tydens die stil tydjies veroorsaak deur radiomikrofoononderbrekings.

I want to explain to you what we say gave rise to the pulse and a softening of the sound which exists at counter reading 591 . -- Ja, dit is die plek waar ek gesê het ek hoor ŉ stamp aan die mikrofoon.

That is right. We say that there were two efforts to erase this part of the tape for some reason. The effort began at counter reading 591, it went on possibly to the end of the tape - went on to the end of the tape. The second effort was started somewhat earlier at or about the point and we cannot be too sure where because there is no pulse, but at or about the point where the problem with this sound begins at the end of the speech, where the speech ends and the clapping dies down and it is the second process which started earlier which in fact gave rise to a residual pulse which you find left at 591 and the sound after 591 is softer and the sound before it because it was subject to a double erasure process, both not successful? -- Daar is geen manier waarop ek my kan indink dat hierdie teorie moontlik waar kan wees nie. Die geluid wat gehoor word by tellerlesing 591 ongeveer wat ek beskryf as die stamp aan die mikrofoon, is sonder enige twyfel ŉ klank wat akoesties in die sisteem ingevoer is, dit wil sê ŉ klank wat via die mikrofoon ingekom het. Dit is nie veel sterker as omliggende klank nie alhoewel dit duidelik hoorbaar is en die kwaliteit daarvan is geheel en al in ooreenstemming met ŉ persoon wat stamp aan ŉ mikrofoon, eintlik moet ek

sê/...

sê aan dié mikrofoon wat besig is om die opname te maak. Ekskuus nee, ek praat verkeerd. Die mikrofoon wat gebruik word om klank te versterk - in die saal is daar 'n klankversterker, die mikrofoon is gebruik om die saal se klank te versterk en dit is die mikrofoon waaraan daar gestamp is. So, die een probleem lê ten opsigte van die kwaliteit en aard van daardie pulsklank wat op ongeveer by tellerlesing 591 voorkom. Ek hoor onmiddellik na daardie puls die werking van outomatiese winsbeheer wat ook sin maak en strook met die verduideliking dat die geluid veroorsaak was deur 'n stamp aan die mikrofoon. Die verskil in luidheid in die klank voor en na hierdie punte is so gering dat ek dit sekerlik nie sou wou toeskryf aan 'n dubbele uitveeproses nie. 'n Verdere baie belangrike oorweging op grond waarvan ek hierdie teorie nie kan aanvaar nie is gebaseer op die teenwoordigheid van die sterk puls wat op <u>BEWYSSTUK ABD (7)2</u> op die posisie 7 aangedui is en wat in groter duidelikheid op <u>BEWYSSTUKKE ABD(7)3 en (7)4</u> weergegee is. Die verswakking van klank begin 'n aantal sekondes voordat hierdie puls plaasvind. Indien die swak klank te wyte sou wees aan 'n uitveeproses, dan sou hierdie betrokke puls by die punt 7 op <u>ABD(7)2</u> ook geheel of gedeeltelik uitgevee gewees het. Die geaardheid van daardie puls soos weergegee op <u>BEWYSSTUKKE ABD(7)3 en (7)4</u> en ook soos wat ek met my spesiale toerusting geluister het daarna, is sodanig dat dit glad nie stukkies spraak kan wees wat nie goed uitgegee is nie maar dit is in werklikheid een of ander elektroniese pulse wat daar op die band verskyn. Enige uitveeproses volgens die teorie deur die verdediging voorgehou, sou alreeds volledig in werking moes gewees het by die posisie van

hierdie/...

hierdie puls en daar is geen manier hoe dat dit die omgewing redelik effektief sou kon uitvee maar daardie puls glad nie uitvee nie. Dit dien daarop gelet te word dat hierdie puls nog altyd volle amplitude bevat. Dit wil sê dit is net omtrent so sterk as wat die bandmasjien kan toelaat dat enigiets opgeneem word. Daar kan dus geen sprake wees daarvan dat hierdie puls in dieselfde verhouding verswak is as enige ander spraakseine in die swak gedeelte nie. Dit is dus duidelik dat sedert daardie puls op die band gekom het daar geen uitveemeganisme aktief was nie. Daardie puls kan ook nie deel wees van 'n aanskakelpuls van 'n uitveemeganisme nie, aangesien dit te ver weg is van die punt waar die swak gedeelte begin. Volgens foto ABD(7)2 begin die swak gedeelte kort na die punt gemerk punt 6 waar die lag plaasvind en bykans twee sekonde later eers die sterk puls by die punt 7. Enige puls wat deur die opneemproses veroorsaak sou gewees het - ekskuus, laat ek dit anders stel. Enige puls wat deur die aktivering van 'n uitveemeganisme veroorsaak sou gewees het, sou plaasgevind het heelwat nader aan die punt waar die sein skielik swakker word en sou in werklikheid binne ongeveer 'n half sekonde op die uiterste vanaf daardie punt gewees het.

Unless of course that pulse was put on by the faulty erasing process by the machine which is doing the erasing, not at the beginning of the erasing, but during it.

COURT : Just a moment. Is it put then that what happened here is the machine started to erase. It erased effectively, but during this effective erasing procedure for some reason or other this pulse was omitted?

MR YACOOB : No. All this cross-examination is conducted

on/...

on the basis that the whole of that erasure is ineffective. It began to erase ineffectively and a second or two after it began to erase ineffectively, that machine itself placed the pulse upon the tape during the process of an ineffective erasure.

COURT : So, what you are saying is not that the pulse remained during the erasure, but the pulse is the result of the erasure process itself?

MR YACOOB : That is so.

COURT : Instead of recording it erased, but put on a pulse?

MR YACOOB : But put on a pulse. That is right, because the erasure process as we understand it, is a recording with no sound going into the microphone. So, we say it was through the erasure process itself that that pulse was placed on the tape.

COURT : But now, wait a moment. Was this pulse according to you placed on the tape by the erasure head or by the recording head?

MR YACOOB : By the recording head.

COURT : But I thought that the recording head is inoperative during the erasure?

MR YACOOB : No. I will get some evidende on record about that.

COURT : Let us forget about it. Just put your question and let us get an answer. Het u gevolg wat hier aangaan? -- Ja, ek dink ek verstaan die stelling.

Nou hoe verstaan u die stelling? -- Ek verstaan dit so dat die verdediging sê dat die bandmasjien het op daardie oomblik iets oorgekom en in daardie proses waar die

bandmasjien/...

bandmasjien iets oorgekom het, het daardie bandmasjien via die opneemkop iets op die band geplaas in die vorm van hierdie puls?

Ja, wat sê u daarvan? -- Daarby kan ek verduidelik dat normaalweg by 'n gewone uitveeproses is die opneemkop ook aktief, maar daar word net nie klank gevoer na die opneemkop nie. Dit wil sê die volumekontrole indien so iets beskikbaar is, is heeltemal toegedraai of indien nie, word daar op 'n ander manier gesorg dat daar nie klank toegevoeg word nie.

Wat sê u van die teorie? -- Ek kan dit nie aanvaar nie. Een van my belangrikste oorwegings hier is die feit dat as daar iets met die bandmasjien sou verkeerd gaan, so ernstig dat dit hierdie puls op die bandmasjien sou plaas gedurende 'n uitvee-aksie, dan sou die uitveemeganisme gedurende daardie tydjie ook nie doeltreffend werk nie, want ons het hier te doen met 'n situasie waar daar veronderstel word daar is reeds iets vantevore op die band. Die aard van die puls, soos ek dit sien in BEWYSSTUK ABD(7)3 en (7)4 is sodanig dat daar nie aanduidings is dat daar 'n swak uitveeproses iewers plaasvind nie. Daar is wel aanduidings dat die opneemkop iets plaas op die band gedurende 'n opneemproses. In daardie opsig is my verduideliking van wat daar gebeur het, wat ek nog nie gegee het nie, in lyn met 'n deel soos wat die verdediging voorstel dat dit sou wees. My verduideliking is dat daar werklik iets plaasgevind het met die bandmasjien , maar dat dit gebeur het tydens die oorspronklike opneemproses. Waarskynlik het daar op hierdie stadium 'n batterykontakprobleem ontstaan wat veroorsaak het dat daar sterk pulse op die band geplaas is. Die pulse is

nie heeltemal die volle amplitude wat die band kan hanteer nie, omdat daar juis op daardie tydstip alreeds vuiligheid op die kop teenwoordig is. Die lae frekwensie swaai wat in die tweede helfte - wag, kom ek probeer dit anders verduidelik. Op BEWYSSTUK ABD(7)3 en (7)4 is daar die sterk puls waar die sein ŉ hele aantal kere na bo en onder beweeg met kort tussenposes en dan in ongeveer die laaste derde van die foto's is daar ŉ deel waar die sein ŉ stadige beweging maak van onder na bo en dan weer na onder en dan so redelik stadig weer terugbeweeg na die middel toe. Hierdie stadig bewegende dele veral is ŉ baie sterk aanduiding daarvan dat daar ŉ probleem ontstaan het in die opneemproses en dat hierdie sein wat ŉ lae frekwensie sein is, geplaas is op die band, maar dit is op skoon band geplaas. Dan kan ek my nie voorstel dat daardie proses kan plaasvind sonder dat daar nog tekens sou wees van die oorspronklike sein wat nie goed uitgevee is nie.

MR YACOOB : Why is this pulse then stronger on the left hand channel where there would have been this dirt preventing recording? -- Dit is nie vir my baie duidelik presies wat daar gebeur het nie behalwe dat die moontlikheid bestaan dat die aktiwiteit wat hier waarneembaar is sou saamval met een of ander effek veroorsaak deur die vuiligheid op die band. Met ander woorde, dat die vuiligheid wat die ander effek veroorsaak, self verantwoordelik is vir hierdie effek wat hier waargeneem is en daar dink ek daaraan dat die vuiligheid miskien bestaan het uit ŉ stukkie magneetband self wat as gevolg van sy magnetiese eienskappe so ŉ ongebalanseerde effek veroorsaak.

I want to put it to you that the fact that this is

stronger/...

stronger on the left channel is an indication that it was placed on there by a record head working well in circumstances where the cleaning head was not working properly and is therefore consistent with an ineffective erasing process? -- Vir die redes wat ek reeds genoem het, kan ek dit nie so aanvaar nie.

Also I want to put it to you that the possibility that dirt got onto the tape head ... (Court intervenes)

COURT : Which tape head?

MR YACOOB : The possibility that dirt got onto the tape head at the time of the recording ... (Court intervenes)

COURT : That is the recording head?

MR YACOOB : That is so. At the time of recording is very
K431 remote? -- Ek wil toegee dat by normale gebruik van bandmasjiene dié soort van probleem baie selde voorkom en by normaal dink ek aan mense wat wel 'n klein bietjie aandag gee aan hulle bandmasjiene deurdat hulle van tyd tot tyd die koppe skoonmaak, maar nou aan die ander kant het dit ook al 'n hele aantal kere met my gebeur dat ek agterkom dat 'n bandmasjien op die een kanaal swakker opneem as op die ander en dat die probleem dan gevind word te wyte is aan vuiligheid op die koppe en ek kan net sê dit het nie net een keer al gebeur nie , dit het al verskeie kere gebeur. Om die waarheid te sê as iemand na my toe kom en hy sê vir my dat sy bandmasjien neem nie goed op op albei kanale nie, wat is die probleem, dan is my antwoord sonder uitsondering gaan maak eers die koppe skoon en kyk hoe werk dit dan, dan kan ons weer praat. In alle gevalle het die skoonmaak van die koppe die nodige gewenste uitwerking gehad.

The possibility is remote for the following reason.

Firstly, this is not dirt which built up. We have a tape recorder recording perfectly well, suddenly, inexplicably in the middle of a recording, something finds its way, a piece of magnetic tape or something finds its way there. The second curious reason is that this bit of dirt moves out for a while in order to allow for the sound in photograph ABD(7)3 and (7)4 to appear on both channels and the third curious feature is having moved out for a split second, finally gets itself back into place and remains in place for about four or five minutes, when as a result of the difference in thickness of the recording tape at the end as a result of the join, that difference actually physically moves it out? -- Ek stem saam dat dit is nie ŉ opbou van vuiligheid wat hier ter sprake was nie. Dit moes iets gewees het wat eensklaps op daardie plek te lande gekom het. My gedagte is dat dit in werklikheid ŉ stukkie magneetband self is wat daar te lande gekom het. Ek sou vermoed dat die rede waarom dit daar bly vassteek het verduidelik kan word in terme van bestaande vuiligheid op daardie koppe. Eintlik moet ek die enkelvoud gebruik, op daardie kop. Tweedens, het ek nie voorgegee dat ek vermoed dat die stukkie vuiligheid skielik wegbeweeg het om die puls soos in ABD(7)3 en (7)4 toe te laat om deur te kom nie. Die gedrag van die pulse op ABD(7)3 en (7)4 is sodanig dat daar sonder enige twyfel op daardie punt iets met die bandopnemer verkeerd moes gegaan het en dit wel in terme van ŉ elektroniese sin. Soos byvoorbeeld ŉ verbreking in batterykontak en selfs ek sou nie wou vra daarvoor dat gelyktydig met die batterykontakverbreking die stukkie vuiligheid loskom, ŉ draai maak om die kop en dan weer aan die voorkant van die kop kan vassit nie. Die moontlikheid dat

daardie/....

daardie puls veroorsaak was deur nie die opneemkop nie, maar die wiskop self is natuurlik iets wat nie buite rekening gelaat kan word nie, want indien dit sou gebeur, dan sou, soos normaal, die band verder beweeg en na hierdie deel daar op geplaas is, sou dit verby die opneemkop moes beweeg. Die regter kanaal wat nou nog altyd beter opneem as die linker kanaal, want dit is die enigste een waarop daar spraak deurkom, sal dan ŉ groter uitwissingseffek hê op hierdie puls as die linker kanaal en dit sou volledig kan verklaar waarom die regter kanaal se puls nou swakker is as dié van die linker kanaal.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Volgens u ervaring, waar kan so ŉ stukkie magneetband vandaan kom om skielik vas te kleef aan die wiskop? Weens vuiligheid in die masjien of wat? -- Ja, ek sou vermoed dat dit iets is wat in die masjien agtergebly het en nie iets wat in die kasset was nie.

MR YACOOB : Do you often get the situation where the erasure head places pulses on tapes? -- Ja, dit is ŉ gereelde verskyning, om die waarheid te sê ek dink dit kom in omtrent alle gevalle voor.

Are there pulses of this type? -- Ek verstaan nou nie die vraag nie.

Are there pulses of the sort reflected on photographs (7)3 - ABD(7)3 and (7)4? -- Soortgelyke pulse, ja, nie presies dieselfde soos hierdie nie, want in hierdie geval vermoed ek dat daar batterykontak was wat veroorsaak het dat die krag ŉ paar keer na mekaar vinnig afskakel en weer aanskakel. Dus het hierdie pulse, soos op hierdie band heeltemal ŉ unieke karakter wat nie vergelyk kan word met enigiets anders wat ŉ mens normaalweg sou kry nie.

And/...

And because it is such an unusual pulse, I would imagine it is impossible for you to say by precisely what it was caused? -- Ja. Ten opsigte van die plasing van pulse op band deur ћ wiskop het ek hier nog ћ aantal foto's wat ek kan inhandig.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K432 LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

HOF : Ons was nog besig met foto's. -- Hier is twee foto's hier op.

Die foto's het te doen met presies wat? -- Die bewysstuknommer sal dan seker wees ABD(7)7 en (7)8.

Ja, maar waaroor gaan die foto's? -- Dit is van twee bandmasjiene op tye wanneer hulle aangeskakel word om te wys dat daar twee stelle pulse veroorsaak word waarvan dit gewoonlik so sal wees dat die een puls deur die opneemkop op die band geplaas word en die ander puls deur die wiskop.

Die boonste foto, die Philips is ABD(7)7 en die onderste foto, the Sony is ABD(7)8.

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : These are obviously photographs of pulses when the machine is on and therefore have nothing to do with electronic pulses, pulses which are placed on the tape by head after the machine is put on, which is not part of the putting into the recording process? -- Ja, die foto op ABD(7)7 is gemaak met ћ Philips bandmasjien. Dit is een van die ou soort Philips Carry-corder en dit is ћ situasie waar die masjien in rus was en op daardie betrokke punt is die masjien aangeskakel op skoon band.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : U bedoel die band is aangeskakel?

Die/...

Die band het begin loop? -- Die bandmasjien is aangeskakel, die band begin loop, maar dit was op 'n gedeelte waar die hele omgewing van die band skoon was. So, daar was niks op daardie band nie en enigiets wat nou daarop is, is nou daarop geplaas deur die bandopnemer. Op die foto ABD(7)7 is dit duidelik dat daar op twee plekke sterk pulse op die band opgeneem is. Die afstand in tyd tussen hierdie twee pulse stem ooreen met 'n tyd van ongeveer 0,5 sekondes, aangesien die hele foto 'n tyd dek van ongeveer 1 sekonde en dit is dus duidelik dat die twee groepe pulse, die een aan die linkerkant veroorsaak is deur die opneemkop en die een aan die regterkant deur die wiskop tydens die aanskakelaksie. Die implikasie hiervan is dat beide die opneemkop sowel as die wiskop pulse op 'n band kan plaas wanneer die bandmasjien aangeskakel word. In die geval van die tweede foto ABD(7)8 is gebruik gemaak van 'n Sony TC142 bandopnemer en in hierdie geval is die "record" knoppie vooraf ingedruk sodat 'n mens deur die luidspreker kan hoor wat daar opgeneem word. 'n Mens kan hoor wat die klank is wat na die bandopnemer toe gaan. Op 'n sekere stadium word die opneemknop dan gedruk en die bandmasjien begin loop.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Het ons nou reg gehoor. Die "record" knoppie is vooraf ingedruk en dan word die opneemknop ingedruk. Wat is die verskil tussen die twee? -- Ja. Ek sal u verduidelik. Met hierdie bandmasjien spesifiek is daar 'n lang tydsvertraging indien 'n mens altwee knoppe gelyk sou indruk. Dit sou beteken dat die band loop, maar eers omtrent twee sekondes later begin daar klank deurkom wat dan opgeneem kan word op die bandopnemer.

HOF : U het dus nou twee knoppe. Die een is die "play"

een en die ander is die "record" knop. -- Dit is korrek.

As u net die een knop druk, maar nie die play nie, dan loop die ding nie en die knop staan nou maar net en wag? -- Dit is korrek. Hy registreer - sy elektronika is effektief, maar die band loop nog nie. Op 'n sekere stadium word die "play" ingedruk, eintlik terwyl die "record" dan weer vasgehou word. 'n Mens moet dit probeer vasdruk terwyl jy die "play" indruk, anders spring hy uit.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : U het gesê die "record" knoppie word vooraf ingedruk en dan die opneemknop? -- Verskoon my, ek het daar verkeerd gepraat. Dit is eers die "record" en daarna die "play" saam met die "record". Die eerste interessante waarneming wat hieruit gemaak word is dat aan die linkerkant waar die eerste puls verskyn is daar sekere sein wat opgeneem word onmiddellik na die verskyning van hierdie puls. Dit is 'n baie goeie ooreenstemming met wat plaasvind op die foto ABD(7)1 wat verlede week ingehandig is waarvan ek nie dink dat daar al kopieë is nie, maar waar vanaf die punt ongeveer as ek reg kan onthou die beskrywing was ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Ek dink u moet na die ding kyk. Anders gaan ons naderhand die notule deurmekaar hê. Vanaf die puls ongeveer 14mm vanaf die linkerkant is daar reeds sein teenwoordig op die opname en dit is die punt waar ek gesê het dat ek vermoed dat dit die eerste aanskakelpuls is wat deur die opneemkop veroorsaak is. Hier is dus ook 'n geval waar 'n mens direk na aanskakeling sein kry wat op die band opgeneem is. Die ooreenstemming in hierdie aspek sou daarop kon dui dat in die geval van hierdie af en aan onderbreking wat aan die begin van die band voorkom op tellerlesing

017/...

017, dit is nou BEWYSSTUK 6 kant 1, dat dit strook met die verduideliking dat met die aanskakelproses die persoon dalk ook eers die "record" knoppie ingedruk gehad het en op 'n sekere stadium die "play" knoppie daarmee saam gedruk het. Dit sou natuurlik afhang van die tipe bandmasjien wat gebruik is waaroor ons nie duidelikheid het nie, maar dit sou vir my sin maak dat die persoon wat die opname wou maak, graag sou wou luister wat in die saal aangaan voordat hy begin met die maak van die opname en die eenvoudigste en geriefliksté manier om dit te doen sou wees om die "record" knoppie ingedruk te hou sonder dat die "play" knoppie ingedruk is, want in daardie geval kan hy luister via sy oorfone wat in die saal aangaan. Wanneer die tyd reg is, druk hy dan net weer die "play" knoppie ook nog saam met die "record" en die bandmasjien begin opneem.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : En tot op daardie stadium is daar niks uitgewis op ou band nie, as dit 'n gebruikte band is? -- As dit 'n gebruikte band was, dan sou daar natuurlik voorheen iets wees op daardie punt wat geheel of gedeeltelik uitgewis sou word deur die aksie van die masjien wat nou loop. Daar is reeds verduidelik aan die Hof dat die eerste klein stukkie kan soms dubbele opname bevat, van 'n vorige plus 'n nuwe opname. So, die eerste klein stukkie kan dit bevat, maar die verduideliking soos ek dit nou gegee het sou inpas daarby dat 'n persoon 'n opname maak, die bandmasjien afskakel deur "stop" te druk en die bandmasjien net so daar los op daardie plek, lateraan die opneemknoppie, die "record" knoppie druk om te luister wat aangaan en op 'n sekere stadium die "play" daarmee saam druk. So, daardie prosedure sou ook geheel en al verklaar waarom daar deurgaans opname

sigbaar/...

sigbaar is op daardie punt. Om weer terug te kom tot ABD (7)8 van die linkerkant af gesien op 'n punt baie naby aan die linkerkant ongeveer 5mm is daar 'n redelike sterk puls direk gevolg deur klank wat opgeneem is. Dan 'n ent verder volgens my foto ongeveer 22mm vanaf die linkerkant is daar weer 'n sterk puls wat gevolg word deur 'n klein stukkie spraak of 'n klein stukkie sein van 'n laer amplitude as dié voor daardie puls en kort daarna 'n groot amplitude sein wat dan vir die res van die opname duur met onderbrekings soos wat daar gepraat word. Dit is my opinie dat die groot pulse by die punte ongeveer 5 en ongeveer 22mm vanaf die linkerkant respektiewelik deur die opneem- en die wiskop op die band geplaas is. In hierdie geval verskil die pulse nie met 'n afstand wat sou ooreenstem met 0,5 sekonde nie wat daarop sou dui dat die pulse nie gelyktydig op die band geplaas is nie, maar dat een van die koppe byvoorbeeld die wiskop eers sy sein op geplaas het en die opneemkop sy aanskakelpuls 'n kort tydjie daarna afhangend van hoe die elektronika binne-in die bandopnemer aangeskakel word. Die gedeeltelike uitwissingseffek van die opneemkop veroorsaak in alle gevalle dat as 'n wiskop 'n puls plaas op die band sal die opneemkop 'n kans hê om daardie puls se amplitude te verminder aangesien dit gedeeltelik uitgevee word en dit strook dan met die verduideliking, soos ek gegee het, van wat ek vermoed gebeur het aan die einde van BEWYSSTUK 6 kant 2 ten opsigte van die pulse soos beskryf is ABD(7)3 en (7)4. In daardie geval sou daar sterk pulse op die band geplaas gewees het deur die wiskop en hulle is gedeeltelik uitgevee deur die opneemkop. Die situasie hier is dat daar 'n situasie beskou word waar die opneemkop nie baie goed

werk/...

vervolg op 6 927

werk nie en daar vuiligheid op hom is, maar dat die wiskop wel goed werk. Dit veroorsaak dat op die kanaal wat nog die beste werk, naamlik die regter kanaal - ekskuus, ek moet dit miskien duideliker stel. Dit was nie opgeneem met 'n stereobandopnemer nie. Dit was slegs so dat een deel van die kanaal beter gefunksioneer het as die ander en op die ou end as dit teruggespeel word, dan vind 'n mens dat die deel waar die regter kanaal sy sein kry, daardie deel het beter gewerk as die deel waar die linker kanaal sy sein vandaan gekry het en dit maak dus sin dat die regter kanaal 'n kleiner weergawe van die puls sal registreer as dit wat die linker kanaal sal registreer. Dit sal duidelik wees uit 'n vergelyking tussen die foto's ABD(7)3 en (7)4 dat die pulspatrone in feitlik alle opsigte identies is, maar die een naamlik op die regter kanaal, dit wil sê foto ABD(7)4 het verswak geraak as gevolg van die feit dat die opneemkop 'n gedeeltelike uitwissingseffek het. Die ekwivalente of ooreenstemmende puls wat deur die opneemkop op die band geplaas sou geword het, kan glad nie waargeneem word uit 'n foto byvoorbeeld soos ABD(7)2 nie en die verduideliking daarvoor sou wees dat die bandmasjien se opneemkop waarskynlik in ieder geval 'n redelike swak puls op die band plaas soos dit te sien was in BEWYSSTUK ABD(7)1 en dat vanweë die teenwoordigheid van die vuiligheid, hetsy dit 'n stukkie band of nie, hierdie effek nie genoegsaam geregistreer het op die band om duidelik waarneembaar te wees nie. Dit is duidelik dat die vuiligheid op die kop die opname taamlik dramaties beïnvloed het en dus sou dit ook enige puls wat op die band geplaas sou word deur die opneemkop ook dramaties beïnvloed het en daarom is dit nie waarneembaar nie,

maar/...

maar dit is omdat die opneemkop nie goed werk nie, maar die wiskop wel goed werk. Hierdie situasie verklaar dus al die verskynsels wat hier waargeneem word en dit is in teenstelling met die situasie soos deur die verdediging voorgelê dat dit ŉ geval is waar die wiskop swak gewerk het, maar waar die opneemkop wel nog goed gewerk het.

MR YACOOB : Why do you say, particularly if you bear in mind that only part of the recordig head would have been obstructed by dirt? Why do you say that the record head just as it placed speak on the tape that part which was clean and working properly - I cannot understand why you say that the part which places speak on that right channel did not also place a pulse on it? -- Uit die BEWYSSTUK ABD(7)1, daardie foto, is dit duidelik dat die pulse wat daar op die band geplaas uis, van vergelykbare of kleiner amplitude is as die spraak wat op die band opgeneem is. Dit beteken dat in hierdie band in die situasie soos ek dit beskryf verwag ŉ mens ook dat die pulse wat deur die opneemkop op die band geplaas word, van vergelykbare of kleiner amplitude is as die spraak wat daarop geplaas is. Die spraak is reeds so sag daarop geplaas en dit slegs op die regter kanaal dat dit heeltemal verstaanbaar is dat enige pulse wat deur die opneemkop op die band geplaas is, heeltemal gemasker sal wees en dus nie sigbaar op die band nie.

Let me put to you an alternative explanation and I must apologise that I had been talking about the head not working properly. That is the erasing head. Our contention is that the head, erasure head was out of alignment and I want to show you a diagram which in fact demonstrates the proposition which I am going to make. It ought to be

ABD/...

ABD(8)]. I want to show you why I am saying so. There are actuall two diagrammatic representations there. One on the top half of the page and one on the bottom half of the page. -- Dit is korrek.

The bottom half of the page, the representation at the bottom is suppose to represent the situation as to how the head would be aligned in normal circumstances with a tape recorder working properly in relation to the tape. The two thick red lines which you see which on the copies will be thick black lines, are suppose to indicate the edges of the tape. Do you see that? Obviously the whole diagram is much wider than the tape itself in order to make it easier to explain things. Then you will see that the tape is divided into a top half and a bottom half. You will see also that the operation of the head is indicated - the red head is shown on the left-hand side and it is more or less in the middle of the top half of the tape occupying about two-thirds of the top half of that area.

COURT : Is it correc then that the misaligned erasure head is not indicated in the top sketch? It is only shown as the play back heads?

MR YACOOB : That is so. Do you see that? -- Ja, ek sien dit so.

As far as the top diagram is concerned, again you have the edges of the tape indicated by thick red lines and then the tape is again divided into two sections and what one sees there are two kinds of strokes. The one lot at the bottom two-thirds of the tape which one can describe as forward moving and those at the upper two-thirds of the top half which can be described as backward moving. The bottom

two-thirds for purposes of this example represents the operation of record and indicates that portion of the tape which would have been recorded on in the recording process and it would mean a recording process which took place before the erasure process would have taken place. The top two-thirds, that is the backward moving strokes or reclining, if we would call it that, those represent the position of the tape - sorry, the position of the erase head at the time of the erasure - at the time of the bad erasure. That is the part which would have been swept by the erase head. Now it is for this reason that you get sound then as you play it back on the right-hand channel because if you see what happens there, the erase head did not quite work on the bottom and as a result of that we have the residual sound left in the right-hand channel. Then, on the basis that the pulse was put on by the record head of the same machine, the record head of the same machine which did the erasure and if it was aligned in exactly the same way, then what would have happened was that the pulse would have been placed more strongly on the section which was erased more effectively and this is the reason why you would find that the pulse is stronger in the left-hand channel rather than in the right-hand one and simply because the record head was working effectively in the same area in which the erase head was working effectively and therefore where the erasure is good, the opulse is stronger? I have been asked to amend the last one just in case it makes a difference and that is, this is the reason why you read the pulse more strongly on the left-hand channel than on the right-hand channel. What would you say about that?

-- Ja, dit is nou 'n lang vraag met 'n hele klomp aspekte. Ek sal probeer om soveel as moonlik van hulle so deeglik as moontlik na te gaan. Ek sou graag wou weet - ek weet van my as getuie is dit nie reg om vrae te vra nie, maar ek het tog gewonder of dit dié verduideliking is en of dit 'n verduideliking is.

It is the sort of thing that could quite easily happen, obviously the position of the head might vary somewhat and may be slightly higher up or slightly lower down in their non-alignment. The sort of situation which we say in fact occurred. The result would be about the same even if in the recording process you put the head where it ought to be as indicated in the diagram at the bottom of ABD(8)1. -- Die eerste aspek wat van belang is , is die verskil in sein amplitude wat ek gevind het tussen die deel van die band voor die sein verswak word en die deel van die band nadat die sein swak geword het. As die foto ABD(7)2 gebruik word in die gebied tussen die punte 1 en 6 byvoorbeeld, dan sien 'n mens dat daardie sein het 'n sekere waarde, 'n sekere uitwyking. Met ander woorde, 'n sekere wydte om die gemiddelde en dit moet vergelyk word met die ooreenstemmende waarde op ABD(7)6, die onderste foto se linkerkant. Daar word gesien dat die linkerkantste of eerste gedeelte van ABD(7)6 die afwykings is kleiner as die gemiddelde in die eerste deel van ABD(7)2. Aangesien daar 'n faktor van 100 bestaan in amplitude tussen die twee foto's, sou dit beteken dat die amplitude soos op ABD(7)6 is kleiner as eenhonderdste selfs nog as wat op ABD(7)2 is, dit wil sê in die gedeelte waar die opname nog goed werk. Ek noem 'n faktor 100, maar daar moet onthou word dat tussen daardie

twee/...

twee foto's is daar 'n amplitudeverhouding van 300. Vir die doel van my verdere argument is dit egter nie belangrik of dit nou 100 of 300 is nie, aangesien 100 alreeds 'n baie groot faktor is. As die situasie beskou word soos in AED(8)1 die boonste foto - die boonste deel van die figuur, van die skets, waar daar aangedui word dat 'n deel van die sein wat deur die onderste kop, die onderstel "play back head" raakgesien sal word, dat 'n deel van daardie sein uitgevee is, maar daar is 'n deel wat nie uitgevee is nie, dan wil ek dit noem dat indien 'n mens 'n volle wydte opname gehad het en die kop kyk na die volle wydte, dan kry 'n mens argumentshalwe 'n sekere klanksterkte daar uit. Sê nou maar 'n mens sê jy kry 100 klankeenhede daar uit, dit is nou net vir argumentshalwe. As 'n mens die helfte van daardie baan sou wegvee sodat net die helfte oorbly, dan sou 'n mens in werklikheid wanneer jy terugluister ongeveer die helfte van die klankeenhede, dit wil sê 50 terugkry. As 'n mens negetiendes van daardie baan sou wegvee, dan sou 'n mens ongeveer een- tiende oor hou. Dit wil sê 'n mens sou omtrent tien eenhede kry. In dié geval weet ons dat ons slegs omtrent een-honderdste of minder oorhou. Dit wil sê ons sou 99% van daardie area moes uitgewis het. Dit beteken dat daar 'n ontsettende klein deeltjie sou moes oorbly. Die effek daarvan is nie versoenbaar met wat in hierdie of op hierdie band gevind word nie en ek sal graag verduidelik waarom ek dit sê. Wanneer 'n band by koppe verby beweeg , is daar altyd klein sywaartse bewegings van die band. Die band word so goed as moontlik gerig dat hy op die regte plek oor die kop gaan, maar daar is altyd 'n geringe mate van beweging na die kante toe. Dit wil sê dwars op die lengte van die

band/...

band. In normale omstandighede is die effek daarvan uiters gering, want die hoeveelheid waarmee die band sydelings beweeg is miskien maar so iets soos 5% van die wydte van die band. ŉ Verandering soos daardie sou egter in hierdie situasie wat hier voorgelê word veroorsaak het dat dit onmoontlik is dat ŉ konstante 1% van daardie baan altyd teenwoordig sal wees of sal oorbly na ŉ uitveeproses. Eerstens het daar sydelingse variasies gekom tydens die opneemproses wat sou veroorsaak dat die rand van die deel wat opgeneem is nie ŉ perfekte reguit lyn is nie, maar effense kartelings het. Tweedens, sal dieselfde soort van ding gebeur tydens die uitveeproses wat nou agterna kom en daar is geen manier hoe ŉ mens sou kon verwag dat die band in altwee gevalle presies op dieselfde plek effens na links of effens na regs sal beweeg nie. In praktyk sou dit daarop neerkom dat dit nie moontlik is om ŉ konstante een-honderdste deel van daardie baan weer te gee nie. Daar sal wisselinge wees tussen 0 en 2, 3, 4% selfs. So, hierdie situasie sien ek as heeltemal buite die kwessie, aangesien dit duidelik is, die Hof het self vandag daarna geluister, dat die deel wat nog waargeneem kan word op die band ŉ taamlik egalige vlak handhaaf. As dit ŉ kwessie sou wees van net sê nou maar drie-kwart van die kanaal wat verdwyn het, dan sou ŉ mens daardie moontlikheid, soos genoem, nog kan oorweeg, maar in hierdie geval waar daar hoogstens net 1% van die oorspronklike sou kon oorbly, kan hierdie situasie glad nie oorweeg word nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 2 SEPTEMBER 1986.

# DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-19-139**
*Document Title:-* **Vol 139 p 6883-6933. Witness: Jansen**